## *Taalbeleid*

### 1. Inleiding

Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

### 2. Faktore in ag geneem

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- Die belange van die leerders
- Die belange van die skoolgemeenskap
- Die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is
- Die vermoë van die skool
- Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik
- Internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig

### 3. Onderrig en eksaminering

Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die taal van onderrig van die skool nl. Afrikaans/Engels.

**4. Beleid oor onderrigtaal**

Die skool is ŉ parallelmediuminstelling.
Die taal van onderrig is Afrikaans/Engels van graad R tot graad 7.
Die keuse in onderrigtaal moet aangedui word wanneer die leerder aansoek doen om toelating tot die skool.

**5. Bevordering van veeltaligheid**

Die skool bevorder veeltaligheid deur, benewens die onderrigtaal/onderrigtale, ook Afrikaans en Engels as volwaardige taalvakke by die skool aan te bied.
Dit geskied soos volg:

Tale wat as volwaardige vakke aangebied word:
Parallelmediumskool:
Afrikaans/Engels as Huistaal
Afrikaans/Engels as Eerste Bykomende Taal
Buiten Afrikaans/Engels as Eerste Bykomende Taal, word Setswana IIAL as Tweede Bykomende Taal aangebied, maar nie vir eksamendoeleindes nie.

Elke opvoeder by die skool doen redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistaal en/of onderrigtaal te bevorder.

Hierdie beleid is aanvaar op ‘n vergadering van die beheerliggaam van die Primêre Skool **Laerskool David Brink** te **Rustenburg** op **23 Mei 2024**.

| | |
|---|---|
| ______________________________ | ______________________________ |
| Me T Moagi | Mnr C Olivier |
| BEHEERLIGGAAMVOORSITTER | HOOF |